CACHET

APTEEK

U PLUS APTEEK

Tomstraat 92

die WAPAD

Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In U lig sien ons die lig.

JAARGANG XXXI NOMMER 11 — VRYDAG 4 JUNIE 1976

PUKKE!

Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:

Johan Claassen Broers

So is punte toegeken

Honderde reklamesette is uitgevoer

DIE punte is soos ontvang deur die Karnaval-komitee en is slegs punte toegeken vir reklamesette en kompetisies. Alle punte is direk geneem uit lêers wat tot die redaksie se beskikking gestel is:

MANSKOSHUISE

Koshuis	Sette	Komp.	Tot.
Over-de-Voor	6 535	185	6 720
Klooster	5 600	0	5 600
Liberalia	20	0	20
Dorp (gemengd)	465	60	525
Piet Grobler	0	25	25
Uitspan	0	26	26
Caput	2 820	99	2 919
Hombré	785	25	810
Makouvlei	245	0	245
Heimat	140	0	140

DAMESKOSHUIS

Koshuis	Sette	Komp.	Tot.
Wag-'n-bietjie	1 250	0	1 250
Wanda	315	125	440
Heide	60	111	171
Karlien	320	35	355
Kasteel	1 135	0	1 135
Soetdorings	60	0	60
Kulu	2 370	0	2 370
Oosterhof	930	0	930
Klawerhof	2 160	93	2 253
Vergeet-my-nie	2 675	0	2 675

Na 'n studie van die 20 koshuise se puntetoekennings blyk dit dat die set as sodanig en die afstand vanaf Potchefstroom die basis was vir puntetoekenning (m.a.w. 'n ¼ punt vir elke kilometer). Dit is dan as volg saamgestel:

Na	Punte
Klerksdorp	20
Johannesburg	40
Pretoria	55
Potchefstroom	10
Parys	25
Hoopstad	160
Kuruman	150
Kroonstad	90
Orkney	20
Vanderbijlpark	35
Durban	180
Sasolburg	25
Germiston	40
Westonaria	25
Stilfontein	20
Koster	40
Mafeking	50
Thabazimbi	80
Rustenburg	50
Florida	50
Krugersdorp	30
Ventersdorp	25
Bloemfontein	100
Carletonville	20
Virginia	50
Kemptonpark	45
Vredefort	25
Vereeniging	35
Wolmaransstad	40
Noupoort	180
Bloemhof	55
Welkom	10
Ladybrand	105
St. Lucia	225
Randfontein	10
Reitz	60
Lichtenburg	40
Benoni	45
Mafeking	10
Fochville	20
Ladysmith	110
Randburg	40
Witpoortjie	40
Port Elizabeth	270
Hartebeesfontein	30
Sannieshof	75
Kaapstad	450
Heilbron	55
Warden	90
Howich	160
Worcester	310
Paarl	325
Ermelo	95
Bellville	330
Stellenbosch	330
Newcastle	110
Vredefort	30
Potgietersrus	100
Windhoek	450
Warmbad	60

Bogenoemde punte is presies soos toegeken deur die Karnavalkomitee, met die volgende uitsonderings:

Koshuis	Punte toegeken	Punte verdien
Makouvlei	55	40
	50	40
	50	40
Hombré	10	40
	60	40
	50	40
	50	40
Caput	25	20
	35	20
	25	20
	25	20
	45	35
	25	20
	25	20
	30	20
	30	40
	10	40
	410	110
Klooster	30	10
	45	25
Over-de-Voor	50	40
	45	35
	65	55
	35	30
	25	20
	45	35
	25	20
	130	40
Wag-'n-bietjie	35	10
	35	30
	25	20
Wanda	20	100
Karlien	10	40
	10	40
Kulu	10	450
Oosterhof	65	55
	65	55
	45	55
Vergeet-my-nie	10	40
	50	40

Hieruit is dit duidelik dat Kulu 105 punte voor Vergeet-my-nie eindig, maar daar moet in gedagte gehou word dat hierdie nie die finale punt is nie. Die finale punte is ten tyde van ter pers gaan nog nie deur die Karnavalkomitee beskikbaar gestel nie, hoewel dit reeds verskeie kere versoek is deur die Wapad.

Perssensuur — Dr Combrinck

DIE terrein is perswetenskap. Dit is nie sistematies nie. Dit het meer te doen met die sielkundige kleur en nie soseer oor die perswese nie.

1. Wat ons is, wat ons doen, ons gedrag, die wette wat ons maak, die sosiale patrone wat ons handhaaf, is 'n uitvloeisel van ons *houdings*.

2. Ons houdings vorm ons uit ons eie *ervaring* aan die een kant en aan die anderkant indirek deur die *massamedia* en die pers.

3. Dat die houdings wat gevorm word deur die massamedia normaalweg gebaseer is op onvolledig materiaal.

4. Dat die pers in 'n dilemma is.

1. HOUDINGS

Dit is 'n gedragsdisposisie wat die neiging toon om op 'n bepaalde wyse op te tree.

1.1 Wat ons weet oor die objek van ons houding.

1.2 Ons gevoelens oor die objek van ons houding.

1.3 Evaluering.

Dit bepaal dus ons gedrag en die wissel teenoor ons medemens, politieke partye, inflasie, oorlog, ens.

2. MASSAMEDIA

Deur die massamedia het ons horisonne baie uitgebrei. Terwyl die massamedia en horisonne uitgebrei het, het hulle terselfdertyd 'n kanaal verskaf waardeur ons hierdie wêreld kan leer ken.

WAT DIE SIELKUNDIGE ASPEKTE BETREF

1. Die deursnee koerantleser is onkundig oor baie dinge wat in die wêreld aangaan.

2. Dit gaan om 'n behoefte om meer hiervan te weet.

3. Ons is verveelde mense. Ons klein lewe is eng, ons het 'n behoefte aan sensasie — anders as wat ons in ons normale geroetineerde daaglikse lewe het.

4. Ons is onkrities, naïef (Dr. C. beskou die student nie as die deursnee koerantleser nie).

5. Die koerant is 'n weergawe wat in ons dorp, land en die wêreld aangaan.

6. Die deursnee koerantleser is lui. Dit is soveel geriefliker as dit wat jy wil weet omtrent wêreldsake, vir jou gedoen word sonder dat jyself 'n vinger verroer.

7. Die deursnee koerantleser het beperkte bevattingsvermoë (groot opskrifte trek aandag, die berigte met fotos trek aandag, dié met sensasie, moord, seks trek aandag.

8. Die deursnee koerantleser hou van iets wat mooi is, iets wat hom laat goed voel (bv. sport).

Hierdie behoeftes en kenmerke skep 'n mark vir die pers, skep 'n vraag waaraan voldoen moet word om te kan voortbestaan.

Die pers moet in 'n sekere sin die status probeer bewaar. Jy gaan nie al hierdie dinge koop en lees as jy dit sien as fiksie nie. Dus moet die pers geloofwaardigheid bewaar. Dit moet outentiek en reg wees.

Verskillende metodes wat outentiek en reg is:

1. Gesaghebbende bron.

2. Fotos.

3. Die koerant moet aandag trek en aandag hou (groot letters, sensasie, ens).

4. Om te oorreed, moet die gevoel van die leser in gedagte gehou word.

Deur 2 kante van die saak te stel (of moet jy?).

SITSAK

VIR die leë hoek in jou kamer. Vir daardie kuiergas te veel. Die antwoord? Wat anders as 'n sitsak...

Gebruik denim vir 'n spatsel blou, oorskietlappe vir 'n kol kleur. Sorg net dat die materiaal baie sterk is en dan het jy 'n sitding wat baie jare sal hou. Daar is hope patrone vir sitsakke. Die een wat volg, is vir 'n sitsak van 'n gemiddelde grootte. Indien jy iets groter verlang, kan jy net die vyfhoeke groter maak.

Sny 'n patroon deur 'n sirkel op 'n koerant te trek en dan die omtrek in 5 gelyke lengtes van ongeveer 36 cm te verdeel. Onthou om 2 cm toe te laat vir nate. Kies een vyfhoek vir die middel en stik dan een aan elk van die sye van die middelste een. Werk hul nou almal aan mekaar om die een helfte van die sak te vorm. Herhaal die patroon vir die ander helfte. 'n Sterk ritssluiter kan in die een sy van 'n vyfhoek gestik word. Stik nou die twee helftes aan mekaar. Indien die sitsak baie gebruik gaan word kan die nate weer 'n keer gestik word. Vul nou die sak omtrent driekwart met poliësterkrale. Klein stukkies skuimrubber is makliker verkrygbaar en kan ook gebruik word.

Lekker koffie drink en drome droom in jou nuwe sitding!

Winter

SOGGENS loop ons in gevriesde rye deur die duikweg, trap die krakende ryp op die kampus tot ons skoenpunte nat is en wens die klasse was nader aan die koshuis.

Smiddags eet ons appels en lemoene en kyk na die wit wintergras en die wit winterlug. Ja, dis winter winter. Tyd vir serpe en musse en 'n bloedrooi jas. Tyd vir stewels en warm koffie en sop. Tyd vir korfbal en netbal en hokkie. Party hou nie van hom nie en bibber. Ander is lief vir hom en glimlag. Maar nie een van ons is afsydig nie.

Want hy byt aan jou voete as jy saans wil televisie kyk en hy kriewel in jou nek af vandat jy laas week jou hare laat sny het . . .

En dis so al of tot die trein dit wil vertel met sy effense fluit in die oggend — te bang sy ou staalkeel sal verkluim.

VERLANGE.. PYN... VERDRIET...

Jy't verskyn langs my lewenspad
om my te begeestig
en toe...
te verlaat.

Saam begin 'te droom
lugkastele het getuimel.
Jy't nou 'n ander.
Weg is jy en . . .
al wat oorbly
is verlange, pyn en verdriet.

— Hennie van Rensburg.

GORDYNE

HIER is nou sommer 'n baie blink idee. Vir diegene wat 'n kamer of woonstelletjie het met 'n venster te veel — wat van knoop-en-doop-gordyne? Ongebleikte linne is spotgoedkoop en knoop-en-doop-werk glad nie moeilik nie. Met net 'n klein bietjie verbeelding kan 'n seeroogvenster 'n intersessante en oorspronklike fokuspunt word.

LIEFDE

JA, en julle het gedink dat ons nie meer daar is nie! Ons hou darem nog van altyd af 'n wakende oog oor julle en na ons lang afwesigheid is ons weer terug in al ons glorie.

Wat vir ons egter 'n „snaakse" ding is, is dat tydens ons afwesigheid so baie liefdes gesneuwel het. — Daar is darem nog 'n paar vasbyters soos: — Dawid Weyers en sy Heidi en die nuwe verloofdes, Annali Cabano en Martin Dempsey. Vir Jan Pietersen was Karnaval 'n groot sukses, want het T.sh nie „spesiaal" vir dié naweek kom kuier nie? Van spesiaal gepraat. André Botha het na Vanderbijl toe gery sodat sy meisie darem in die Karnaval met hom kon deel.

Jan Botha en sy Petro het ook die moeilike tye weerstaan en Corrie Kraamwinkel en Mathilde Harding byt nog ook vas al was Karnaval ook tussen in.

Vir Ansa Seyfert het karnaval meer verlange as ooit gebring want Piet Meyer is nog oorsee, en vir Hanli Pasch en Louis was Karnaval 'n tyd van hereniging.

Verder was dinge maar stil en treurig. Hoop die week bring meer vrolikheid en opwinding.

Soet wees!

PATA PATA.

DAMESBLAD

LEIDSTER

ONS het hulle almal gesien en gedink hulle is pragtig. Dit is natuurlik daardie vyftig splinternuwe trompoppies van ons universiteit. En baie van ons het gewonder wie daardie ouelike en bekwame leidster van hulle nou eintlik is.

Moira de Villiers kom van Rustenburg af en was ook daar op skool. Dit is eintlik daar waar al die trompoppiedinge begin het. Verlede jaar nog het Moira die trompoppies daar gelei en dit is ook 'n groot rede waarom sy reeds as eerstejaar die eer gekry het om die eerste trompoppieleidster van die PUK te wees. Sy het eers nie belang gestel in die trompoppies hier nie, maar die manne wat die meisies afgerig het, het besef dat hulle niemand beter sou kon afrig as wat Moira is nie en by haar gaan mooipraat. Ons is almal baie dankbaar dat hulle hierdie beskeie meisie kon ompraat.

Moira is baie gelukkig op die PUK. Sy woon in Heide en loop B.Proc — wat 'n bate vir die prokureursprofessie!

Aandag dames

IS julle werklik tevrede met die damesblad soos wat dit op die huidige tydstip aangebied word? Daar sal seker baie van julle wees wat kan kla, maar dit het tyd geword dat julle hand in eie boesem steek.

Moenie so passief wees nie. Lug julle griewe, kom met nuwe idees vorendag. Wat dink julle byvoorbeeld van die hedendaagse modes op en om die kampus?

Strepe is in of . . . is hulle uit? Lang strepe, kort strepies, regaf strepe en dwars strepies.

Julle mildelike bydraes kan voor Sondagaande om 22h00 in die Wapad se bussie geplaas word. JULLE samewerking sal hoog op prys gestel word.

— DAMESREDAKTRISE.

RITROOSTER

WAT is die ritrooster nou eintlik? Ons wil probeer om petrol te bespaar en ons medestudente te help; vandaar die ritrooster. Hoe werk die ritrooster? Baie mense soek geleenthede huistoe elke naweek. Baie mense ry een-een huistoe elke naweek. Nou wil ons probeer om albei partye te bevoordeel. Wanneer 'n persoon die naweek huistoe gaan en hy of sy ry alleen dan kan hulle onder RITROOSTER adverteer en die volgende gegewens verstrek:

1. Waarheen en wanneer?
2. Hoeveel plek beskikbaar?
3. Enige fondse betaalbaar?
4. Verwagte tyd van vertrek en terugkoms.

IETS WAT U TOT DUSVER MISKIEN UIT DIE OOG VERLOOR HET, KAN DALK U HELE TOEKOMS BEPAAL.

'n Bank.

As mens platsak is, is dit moeilik om te glo 'n bank kan jou help om jou ambisies in die lewe te verwesenlik.

Maar banke is vandag anders as in die ou dae.

Ja, dis nog steeds 'n veilige bêreplek vir mens se geld. Daarby speel hulle egter vandag 'n veel aktiewer rol in die gemeenskap.

By Nedbank kan u 'n lopende rekening open met wat sommige mense as kleingeld sou beskou. Ons gee nie om hoe veel of hoe min geld u vandag het nie. Maar ons stel wel belang in hoe toegewyd u werk aan u toekoms. En hoe ons u kan help om sukses te behaal in u strewe.

Want help kan ons u help. Op meer maniere as wat u dink.

In u studiejare – wanneer u kontant moet hê vir boeke, klasgeld of losiesgeld. Of sommer net om aan die lewe te bly.

Ná u universiteitsdae – wanneer u nog meer geld gaan nodig hê om u eie potjie te krap.

En later, wanneer u eindelik 'n goeie inkomste verdien, sal ons daardie verdienste vir u vinnig laat vermenigvuldig deur verstandige belegging.

Nedbank bied u dus u lewe lank 'n groeiende reeks praktiese planne om algehele finansiële sekuriteit te verkry.

Studiehulp

Die oomblik wanneer u 'n bankrekening open by Nedbank, ruil u u geld in vir Nedrand. Dit sal u eerste kennismaking wees met die hardwerkende rand – die één geldeenheid wat spesifiek gerig is op groei. Later in u lewe sal u ten volle besef presies hoeveel harder Nedrand as die gewone rand werk.

U kan 'n lopende rekening of 'n spaarrekening open. As u kampus 'n Kitskontant-masjien het, kry u 'n Kitskontant-kaart. Daarmee kan u selfs ná bankure kontant uit die masjien trek.

Ná u eerste studiejaar kan u aansoek doen om 'n leningsrekening. Dit sal help om dinge sommer baie makliker te maak vir u.

Ons weet almal hoe duur boeke en toerusting deesdae is. Om nie eens te praat van klasgeld en kos nie. U kan die lening na eie goeddunke aanwend.

U kan natuurlik net tot 'n sekere vasgestelde bedrag leen. Maar u betaal net rente op dié geld wat u werklik trek. En die rente van 5,5% per jaar is besonder billik.

As u inskryf vir 'n MBA-graad, kan ons moontlik 'n MBA-lening aan u toestaan. Hier is die maksimum leningsbedrag hoër, en die voordele is dieselfde.

As u 'n studie- of vakansiereis onderneem, kan ons u ook help. Ons kan alle besprekings vir u behartig, en reistjeks asook buitelandse valuta voorsien.

Ons kan selfs leesstof verskaf. Soos publikasies oor die ekonomie. Ook Passport to Pleasure, ons tydskrif oor spys, drank en vermaak. En Nedbank Sportsman, propvol interessante inligting oor feitlik elke sportsoort in Suid-Afrika.

Wegspringkapitaal vir u eie onderneming

As professionele man sal u dit dalk eendag oorweeg om u eie besigheid te begin of 'n vennootskap aan te gaan. Weer eens kan Nedbank u meer help as wat u van 'n bank sou verwag. Miskien 'n lening – teen 'n redelike rentekoers en op baie goeie voorwaardes.

Vir 'n dokter of tandarts bied ons spesiale huurfasiliteite. U kan naamlik al die nodige toerusting huur wanneer u u praktyk begin.

Ons laat u geld méér geld verdien

As u die dag goed gevestig is, met 'n steeds groeiende inkomste, sal u miskien dink ons het u nou gehelp soveel ons kan.

Maar nee.

Op dié stadium kan ons dienste van groter belang as ooit vir u wees.

Want nóu tree die geweldige krag van die Nedrand ten volle in werking.

Dit hang net van u af: U kan die geld wat u verdien, laat leeglê. Of u kan dit in die werk steek by Nedbank om op eie houtjie nog baie meer geld te verdien. (Met ander woorde, terwyl u werk om geld in te bring, werk u Nedrand ewe hard om nóg geld in te bring.)

Ons het verskeie planne wat u kan inspan om u inkomste of kapitaal of albei te laat groei. En almal bied die hoogste moontlike rentekoerse. Ons sal u help besluit oór die regte een vir u.

U kan ook met ons gespesialiseerde beleggings-adviseurs gesels. Ons finansbeplanners. Versekeringskonsultante. Die land se voorste finanskenners is hier tot u beskikking.

Eenmaal 'n Nedbanker, altyd 'n Nedbanker

Dis 'n uitgemaakte saak. Sodra u 'n Nedbanker word, begin dinge gebeur. Van daardie oomblik af verloop u sake al hoe meer voor die wind.

Eerstens help ons u om sukses te behaal in al u doelwitte.

En dan sorg ons dat u 'n inkomste kry wat by u sukses pas.

Kom loer so gou moontlik in by u naaste Nedbank-tak. Vertel die bestuurder wat u posisie is en laat die res aan hom oor.

Nedbank haal die geldelike laste van u skouers af sodat u vry is om te konsentreer op dié dinge waarvoor u universiteit toe gekom het. U studies en u toekoms.

Hoe verder u vorder, hoe harder werk Nedbank vir u.

DIE TOEKOMS LÊ BY DIE NEDBANKERS

Nedbank Beperk Geregistreerde Handelsbank
'n Lid van die Nedsual-groep.

NEDBANK

VZ76/1650

Liefste Madelein

Op die onderstaande foto verskyn Harriet Pienaar tydens die verfilming van die rolprent Liefste Madelein. Harriet en Franz Marx, die regisseur, was op een of ander stadium verbonde aan die P.U. vir C.H.O. Harriet as nagraadse student in die toneelkunde en Franz as dosent aan die departement Spraakleer en Drama, en albei is nou besig om naam te maak in die rolprentwêreld. Harriet het die rol van Madelein vertolk in Albie Venter se produksie van Liefste Madelein.



(Foto: Paul van Schalkwyk.)

ONS WIL WEET!

GEAGTE REDAKTEUR,

Graag wil ek die volgende versoek aan u rig, naamlik om 'n volledige uiteensetting in die volgende WAPAD te gee, van die wyse waarop die punte (van indien moontlik al die koshuise) bereken is gedurende die afgelope Karnaval — t.o.v. reklamesette, vlotbou, Kaap na Rio, interkoshuiskompetisies e.a.

Ek wil ook onder u aandag bring dat ek geheel en al 'n buitestaander is, maar dat dit selfs vir 'n buitestaander vreemd is wanneer o.a. koshuise soos Kulu en Klawerhof nie met die gesogte prys wegstap nie.

„Spokie"
WANDA

SENSUUR

DIT is 'n weerspieëling van die nuus van die dag. Dit kan deur 'n hele reeks van redes so verander word dat die eindresultaat daar heeltemal anders uitsien as die oorspronklike nuus.

1. Van alles wat daagliks in die wêreld gebeur, kan slegs 'n klein gedeeltetjie by die nuusmanne opdaag.
2. Slegs 'n klein persentasie is nuuswaardig.
3. Seleksie deur redakteurs wat beïnvloed word deur dinge soos bv. die ruimte in die koerant, sekere berigte word as eenvoudig beskou, ander kom te laat, ander het nie foto's nie, ander berigte is syns insiens nie ter sake nie. Die redakteur oordeel dus op grond van sy eie persoonlikheid, sy eie siening van wat gaan verkoop en nie verkoop nie, en so meer.
4. In hierdie seleksie kan dit gebeur dat finansiële instellings en politieke instansies wat daadwerklike invloed kan uitoefen, dit so bewerkstellig dat nog meer berigte weggelaat kan word (in Amerika byvoorbeeld).
5. Nou moet besluit word watter berigte op die voorblad moet verskyn, wat die mense eintlik primêr moet opval of wat die mense gaan uitsoek.
6. Daar is baie maniere waarop die nuusblad verwring kan word:
   6.1. Byvoorbeeld van onwaarhede of van interpretasies as sou dit waarheid wees;
   6.2. Weglating, want daar is nie genoeg plek nie;
   6.3. Klemverskuiwing.

Dit is dus slegs 'n klein gedeelte van die werklike nuus wat by ons uitkom.

Dit was ons lees word later deel van ons ervaringswêreld. Dit is dus die beste om 'n gesonde skeptisisme te openbaar by die benadering van die koerant.

Wat moet 'n nuusblad in werklikheid gee?

Ons moet begin besin oor wat verantwoordelikheid is, want dit skep ons houdings, dit bepaal ons indrukke.

Wat gaan gebeur met 'n koerant wat (behoorlike) nuus gee?

Hy gaan nie 'n week hou nie. 'n Koerant moet sy brood verdien, maar hy het ook 'n plig teenoor die wêreld.

Die manipulasie van mense se gedrag. Wat is hulle gevolge?

Ons raak gewoond aan die bikini-meisies, morele standaarde verlaag, ens. Mense kan ook gewoond raak aan die dekadente, die sieke, ens.

Waarheen die leserspubliek en waarheen die pers? Moet die regering ingryp en dinge probeer verander?

Dit is nie nodig om berigte oor Suidwes, oor ekonomiese sake te sensor nie.

Aan die ander kant, wat van die vryheid van die pers en van die indiwidu?

Hierdie vryheid moet behoorlik beoefen word.

1. DIE PUBLIEK

Die selektiewe koop van koerante, kritiek op die pers waar nodig, maar ook by die lees van koerante sodat hulle weet waarvan hulle praat voordat hulle kritiseer.

2. DIE PERS

Beter oordeel oor wat belangrik is, veral verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap op elkeen van die persoonlike, die sosiale, die politieke.

DIE ALTERNATIEWE

Vryheid wil ons behou, maar vryheid binne verantwoordelikheid, vryheid binne die grense wat ons wel ervaar.

(Dit moet deur die studenteleiers gedoen word!)

HISTORIESE FEES

FEESTE! Dit is die een woord wat die Geskiedenis-vereniging die beste saamvat. Na 'n stilswye van 'n jaar of twee is ons weer goed op pad om ons stem dik te maak op die kampus.

Toere vir die langnaweke word beplan na Natal en Griekwaland-Wes, onder die bekwame leiding van dr. Van der Schyff.

Almal wat dink Geskiedenis is 'n dooierige, vervelige vak kan gerus by ons volgende Ledevergadering 'n draai kom maak. Flieks en skyfies en sommer net lekker saam gesels, is hoe ons vergadering hou.

Die Vereniging is oopgestel vir enige iemand en geen ledegeld word gevra nie. Dus, sien jou volgende keer!

Briewe: ons dink, ons skryf...

29 Witley Court
Coram Street
Bloomsburry
LONDON WCI
22 April 1976
Die Registrateur

Studente gesoek vir korrespondensie

Universiteit van Potchefstroom
POTCHEFSTROOM.
Geagte Heer,

Ek is 'n jong Suid-Afrikaanse bachelor (32), woonagtig in London en stel baie belang in die teater, cinema, musiek, letterkunde (veral Suid-Afrikaanse letterkunde) en in filosofie.

Graag wil ek hoor van studente aan u Universiteit vir die uitruil van idees en oor en weer besoeke.

Miskien kan u hierdie brief in u studentekoerant laat publiseer.

Die uwe,
Johannes van Vuren.

Wat sê studente?

1. OPDRAG: Die opdrag van die Akademiese Raad aan die kommissie was om te bepaal, deur middel van 'n steekproef, wat die student se besware is aangaande dosente en klasgeemetodes.

2. DOEL: Die doel met die steekproef deur die Akademiese Raad is om by te dra tot die verlaging van die hoë druipsyfer aan die universiteit. Daarmee word nie bedoel dat die dosent die skuld moet dra vir die hoë druipsyfer nie.

3. METODE: Die metode wat deur die kommissie gevolg is, wat meestal om die studente mondelings te vra wat hulle besware is aangaande dosente en klasgee metodes en dit dan op skrif te stel. Verder is gegewens ook verkry deurdat 'n paar koshuise op koshuisvergaderings gevra het na sulke besware.

Die kommissie het sover moontlik gepoog om alle klagtes wat hulle bereik het, te kontroleer. Daarom aanvaar die kommissie ook dat alle gegewens in die steekproef betroubaar is.

4. VERSLAG VAN DIE STEEKPROEF: 4.1. Die kommissie het bevind dat daar heelwat grondige besware was wat betref die voordrag en klasgeemetodes van dosente. Vir voorbeelde sien die vertroulike verslag.

4.2. Volgens die besware van studente wat die kommissie ingesamel het, is daar bewys dat sommige dosente nie genoeg erns met hulle werk het nie. Vir voorbeelde sien die vertroulike verslag.

4.3. Verder het die kommissie bevind dat sommige dosente hulle skuldig maak aan onprofessionele optrede. Vir voorbeelde sien vertroulike verslag.

4.4. Daar is ook genoeg gegewens deur die kommissie ingesamel wat daarop dui dat sommige dosente nie altyd respek afdwing by die studente nie. Vir voorbeelde sien die vertroulike verslag.

4.5. Die kommissie het bevind dat die studente ook heelwat ander besware het aangaande dosente en klasgeemetodes. Vir voorbeelde sien vertroulike verslag.

4.6. Ten spyte daarvan dat die kommissie bevind het in sy steekproef dat daar grondige besware is teen sekere dosente en klasgeemetodes, wil die kommissie dit duidelik stel dat die blaam vir die hoë druipsyfer aan die universiteit nie op die dosente se skouers alleen geplaas moet word nie. Die kommissie is egter van mening dat 'n swak dosent en swak klasgeemetodes nadelig in ernstige mate kan wees vir die student. Verder voel die kommissie dat die student nie tot verantwoording geroep kan word solank as wat die dosent nie 'n goeie akademiese voorbeeld stel nie.

5. PROBLEME WAT DIE KOMMISSIE MET DIE STEEKPROEF ONDERVIND HET: Die kommissie het heel wat probleme ondervind met studente wat nie wil getuig nie. Alhoewel sommige studente wel probleme het aangaande dosente en klasgeemetodes, weier hulle om te getuig. Hulle erken dat hulle probleme het, maar is bang dat hulle name bekend gemaak sal word. Alhoewel die kommissie hulle beloof het dat hulle name en die van die dosente nie in die steekproef of vertroulike verslag genoem sal word nie, was hulle nog steeds huiwerig vir optrede teen hulle.

6. GEVOLGTREKKINGE: 6.1. Die kommissie het tot die gevolgtrekking gekom dat die steekproef betroubaar is. Daar was genoeg grondige redes vir besware deur studente omtrent sekere dosente en klasgeemetodes. Die kommissie voel dat die steekproef wel 'n gedeeltelike oplossing kan bied vir die hoë druipsyfer aan die universiteit.

6.2. Die kommissie het ook tot die gevolgtrekking gekom dat die voorbeelde van sy bevindinge in 'n vertroulike verslag moet weergee. Die vertroulike verslag sal slegs vir insae voorgelê word aan die Akademiese Raad, die Rektor, Prof. T. van der Walt en die Registrateur (Akademies). Die rede vir die besluit lê opgesluit in die skade wat sodanige voorbeelde vir die universiteit kan beteken as dit vir almal oopgestel word.

6.3. Die Akademiese Raad laat dit aan die Rektor oor om met hierdie vertroulike verslag verder te handel soos hy goed dink.

ESPERANTO

✱ Vervolg van bladsy 4

gemaak dat Esperanto nie bedoel is om die volkstale te vervang nie, maar inteendeel die volkstale beskerm teen internasionale kultuurtale soos Engels, Frans en Spaans, wat gewoonlik kleinere taalgroepe opslurp. Eintlik kán Esperanto nie die volkstaal vervang nie, aangesien laasgenoemde kultuurdraer is en eersgenoemde bloot „sivilisasie" is, nes die metrieke stelsel. Esperanto is bedoel as kommunikasiemiddel tussen wetenskaplikes wat eksperimente opskryf, om inligting te vra as 'n mens op reis is en vir korrespondensie.

PUK-VERENIGING:

Die Esperanto-vereniging aan die PU vir CHO is die vyfde Esperanto-vereniging in Suid-Afrika, maar verskil van die ander verenigings in die sin dat dit 'n suiwer studentevereniging is. Daar word beoog om later in te skakel by die Akademiese Kring. Die stigting-verkiesing is dan ook gelei deur mnr. Johan Muller, lid van die Akademiese Raad en SSR.

Aangesien die vereniging nog nie 'n grondwet het nie, is nog nie op 'n finale naam besluit nie en kon ook nie 'n bestuur verkies word nie, maar net 'n voorlopige komitee. Die

✱ Vervolg op bladsy 5

Hoekom druip studente?

Is dit lae punte?

AANGESIEN hierdie saak 'n baie breë terrein dek, en die tyd baie beperk is, het ons besluit om 'n steekproef te maak vir die oplossing van hierdie probleem. Die doel van hierdie steekproef is, om aan die Senaat te toon dat die studente wel hierdie probleem besef, en 'n bydrae wil lewer na die oplossing daarvan.

Vir die doel van die ondersoek het ons 'n katagoriese indeling gemaak van die drie basiese faktore waar die probleem ontstaan het, naamlik:

1 Die Student,
2 Die dosent,
3 Die leerstof.

Daar word by die skollier idealistiese beskouings geskep deur sy ouers, voorligtingsbeampte en vriende. Het die feit dat ons op Universiteit is nie dalk 'n status simbool geword wat misbruik word nie? Daar word vakke gekies sonder die inagneming van aanleg, belangstelling en intelligensie. Ook is die skoolkind net bewus van populêre studierigtings asook vakke.

Daar kan op skool en op universiteit gewerk word aan die oorgangstadium. Daar kan gepoog word om die laaste jaar op skool en die eerste jaar op universiteit so na as moontlik aanmekaar te bring, nie die standaard van die akademiese feite nie, maar die standaard van die implimentering daarvan.

Die houding wat die studente inneem ten opsigte van hulle akademie is nog 'n groot probleem waarna gekyk kan word. Sport prestasies is deesdae vir studente belangriker as akademiese prestasies.

Kan die dosente korps se verhouding van 45% seniors en 55% junior dosente nie verander word na 55% seniors en 45% juniors nie? Dit is verblydend om te weet dat ons die hoogste persentasie senior dosente van alle universiteite in die land het, volgens die Van Wyk de Vries Kommissie. Ons wil aanbeveel dat daar gepoog sal word om dit nog meer te verhoog.

Daar bestaan onder die studente ernstige bedenkinge oor die vryheid om te kan verskil met dosente of om dosente te konfronteer sonder dat hulle benadeel sal word.

Die bevinding hier is dat die leerstof oneffektief aangebied word. Ek staaf graag hierdie stelling deur te sê dat die werk nie eweredig oor die jaar versprei word ten opsigte van die evaluering daarvan nie. Dan kry selfwerksaamheid te min erkenning. Daar word byvoorbeeld vir 'n referaat net 'n simbool gegee en in die eindeksamen kan daar glad nie gesien word of die selfwerksaamheid vir jou iets beteken het nie.

Ons wil hier aanbeveel dat 'n punteindeling soos volg daar gestel kan word: 50% eksamens 25% toetse; 25% selfsaamhede.

Binne loopafstand

GELD

Bank- en spaardienste soos net Volkskas dit kan aanbied — binne loopafstand van die kampus en die koshuise.

Noordbrug-tak

Tomstraat 98

VOLKSKAS
(Geregistreerde Handelsbank)
Die bank vir alomvattende bankdienste
VZ71/2440

die WAPAD
(Geaffilieer by A.S.P.U.)

Regverdig of gewild?

DIE vraag kan gestel word of die lewe een van regverdigheid of gewildheid is. Eintlik is dit geeneen van die twee nie. Daar was 'n tyd dat nie een dan ook werklike sin gehad het nie. Die Franse Rewolusie het hierin 'n verandering gebring.

Daar het 'n verandering in die gerigtheid en lewensuitkyk van die mens gekom. Alles moes meteens aan regverdigheid, hoe subjektief ookal, gemeet word. Niks van die oue was meer goed nie, en daarom moes alles dan verander word.

Geleidelik het die besef van naasteliefde of dan vir eers naastebestaan, tot die mens deurgedring. Hierdie gevoel van aangetrokkenheid tot mekaar het heel gou gekristalliseer in gewildheid. Niemand mag nie van jou hou nie. In almal se oë moet jy goed wees. Selfs ten koste van regverdigheid, by implikasie dan ten koste van jouself, moet almal van jou hou. Hierdie besef groei steeds vinniger en vinniger. Die besef van „'n bietjie minder streng (regverdig?)" hier of daar verander na hier en daar.

Dit was dan ook juis hier dat sommiges die perke van regverdigheid begin rek het en alte dikwels oorskry het. Ongelukkig en ten koste van onsself het ons 'n wansimpatie ontwikkel teenoor die onregverdige. Heel dikwels word die regverdige dan ook afgemaak as sensasie-soekende en bloot net as koud. Laasgenoemde is dan 'n baie gerieflike handskoen wat geen hand pas nie. Maar so gebeur dit dan dat ons 'n oorskakeling, hoe subtiel dan ookal, ondervind van die regverdige na die gewilde. Die oorskakeling is dan ook sodanig dat dit eintlik daarop neerkom dat ons regverdigheid teenoor gewildheid stel. Natuurlik spreek dit nou vanself dat ons hier te make het met 'n paradoks.

Wanneer 'n mens nie 'n sintese vir so 'n paradoks kan vind nie, is jy geneig om die bestaan daarvan te ontken, of om dit te laat ontplof. Albei hierdie weë word dan ook daagliks deur ons gevolg. In onsself ontken ons dat ons heel dikwels onregverdig handel, maar (soms) onbewustelik ten behoud van ons gewildheid. Meer male egter stel ons gewildheid as oogmerk en handel dan daarvolgens. Ander kere verloor ons dan ons sogenaamde waardigheid met 'n onbesonne uitbarsting. Dan weer regverdig (?) ons dit self deur die handskoen van frustrasie onsuksesvol te probeer pas.

Dit sou rampspoedig wees indien ons konsekwent sou voortgaan om te kies tussen regverdigheid en gewildheid. Natuurlik sou dit noodwendig meebring dat die keuse al hoe meer gekompliseerd raak en later dan die waarskynlikheid dat dit onmoontlik sou word om wel te kan kies.

Heel dikwels kan 'n vraag die bevredigendste beantwoord word bloot deur dieselfde vraag in 'n stelling te omskep. Wanneer die vraag „regverdig of gewild?" dan beantwoord moet word, sou mens sonder meer kan sê: „regverdig en gewild"!

Tydig vir kundig?

SO onlangs as 2—3 weke gelede het die Studenteraad 'n kommissie van Ondersoek gelas na die werkverrigtinge van die Karnavalkomitee.

By implikasie beteken dit dat daar sekere vrae gestel is waarop antwoorde verwag word.

Waar die student geraak word en waar daar verder onenigheid in studentegeledere geskep word, dáár word 'n ondersoek noodsaaklik.

Juis as gevolg hiervan word vooruitgesien na die volledige bevindinge van genoemde kommissie.

Natuurlik spreek dit vanself dat ons as studente ons volkome sal berus met die bevindinge van die kommissie, of dit nou met ons eie oplossings harmoniseer of nie.

Ten slotte net 'n woord van waardering aan die Studenteraad met die benoeming van hierdie kommissie. Hierdie optrede laat die student weer opnuut opsien na die Studenteraad.

Prag, praal en status

ONGELUKKIG is dit so dat hierdie drie woorde, Prag, Praal en Status so deel van ons geword het. Dit het nie alleen deel van ons geword nie, maar daarsonder kan ons nie meer lewe nie.

Neem as 'n voorbeeld in rangvolgorde, die Staatspresident, die Eerste minister en die ministers. By 'n deftige geleentheid word die rooi tapyt vir hulle oopgerol. In bogenoemde volgorde stap hulle dan oor die tapyt. In dieselfde volgorde word daar vir hulle hande geklap. Ook natuurlik hard, sagter en nog sagter.

Dan is daar die statusbewustes wat probeer indruk maak met die vertel van ingewikkelde operasies en die talle noue ontkomings met motorongelukke. Die waarheid word heel dikwels so verdraai dat die noodlot homself seker verwyt dat hy nie meer ingegryp het nie.

'n Ander doen alles wat hy/sy kan om tog in die lens van 'n kamera te kom. Met statusbewuste half onmanierlikheid vertrap hulle mekaar om 'n gesig in die lens te kry. Dan volg daar natuurlik 'n „Ek is jammer", natuurlik nie sonder die nodige waardigheid nie. So het die een statusbewuste dan geen tyd vir die ander nie.

Op 'n funksie is die burgemeester teenwoordig, is hy natuurlik swaar geketting en gewapen met die nodige bewustheid. Ook sy vrou is geketting en tog so bang dat sy minder waardig as die ander lyk. Ook hier is die een en ander statusbewustes bymekaar om, indien 'n geposeerde foto geneem word, heel links voor te sit sodat sy naam eerste sal verskyn wanneer die foto gemonteer word.

Dan is daar natuurlik die statusbewuste huisvrouens. Mens hoor net altyd, dis deesdae „in" as jou telefoonnommer met so-en-so begin, of om 'n bakkie te ry met 'n plattelandse registrasienommer wat dan sou impliseer dat sogene 'n plaas sou besit. Ook hier word met die nodige statusaandag en dikwels met status-simpatie geluister. Een waaroor gaan alles eintlik?

Wanneer mens mooi dink, loop ons almal een of ander tyd dieselfde pad. En daarby, niemand is té belangrik om dood te gaan nie. Dan weet en besef die mens opnuut dat Hy sonder enige prag, praal en status gekom het. Dit is nou eenmaal so dat dieselfde grond van dieselfde aarde ons een of ander tyd bedek.

Maar ook hier tref die mens dan 'n onderskeid. In Pretoria is 'n stukkie grond, genoemd die heldeakker waar van Suid-Afrika se grootste seuns weggelê word. Maar hierdie grond verskil in geen mate van dié waarin ons neergelê word nie; of dié waarin Hy neergelê was nie.

Ook het Hy deurdat Hy opgestaan het, deurgedruk deur al die prag en praal en status van die mens om sodoende te vermag wat geeneen Hom ooit kan nadoen nie. Dan volhard ons met prag, praal en status!

ROELF BUITENDAG

???

HIERDIE rubriek is 'n nuwe wat voortaan gereeld sal verskyn in die Wapad. So ver as moontlik sal gepoog word om die rubriek weekliks te laat verskyn. Ten einde objektiwiteit by die leser af te dwing, sal die rubriek onder 'n skuilnaam plaasvind. Om egter sorg te dra dat daar verantwoordelike diskresie aan die dag gelê word, sal die skrywer se naam aan die einde van die termyn bekend gemaak word. Hiermee wil die redaksie van die Wapad dit egter baie duidelik aan een en almal stel dat die mening of opinie gehuldig deur die skrywer, nóg die mening nóg die opinie van die redaksie hoegenaamd weerspieël. Die redaksie behou hom egter die reg voor om die rubriek na goeddunke op te skort wanneer dit nodig mag voorkom.

Hierdie rubriek vervang of oorvleuel hoegenaamd nie „In die kollig" nie aangesien eg. handel oor aktualiteite waaroor een skrywer skryf en hierdie skrywer alleen verantwoordelik is vir die rubriek. Almal, en u ook, is dus welkom om iets voor te lê vir „In die kollig" maar onthou dat dit tussen 300—400 woorde moet wees.

ESPERATO-VERENIGING GESTIG

OP Donderdag 20 Mei 1976 is 'n nuwe akademiese vereniging gestig, wat voorlopig bekend staan as die Esperanto-vereniging. Die stigting het plaasgevind by geleentheid van 'n lesing oor die internasionale hulptaal, deur mnr. Alex von Blottnitz, wat plaasgevind het in een van die lesinglokale bo die Biblioteek.

INTERNASIONALE HULPTAAL:

Mnr. A. von Blottnitz, wat lid is van die Suid-Afrikaanse Esperanto-vereniging en Suid-Afrika in 1974 in Hamburg op 'n Esperanto-wêreldkongres verteenwoordig het, het ongeveer 'n uur lank vertel wat Esperanto is. Esperanto is 'n taal wat in die vorige eeu kunsmatig geskep is deur ene dr. Ludwig Zamenhof, 'n Poolse oogkundige. Omdat dit 'n „plan"-taal is, het Esperanto geen uitsonderings soos die „wilde" tale nie, wat deur die eeue spontaan ontwikkel het. Esperanto se gramatika kan binne 'n halfuur bemeester word, en daarna is dit slegs 'n kwessie van oefening en die leer van 'n relatief klein woordeskat. Dit is moontlik om die taal binne 30 uur aan te leer.

Die spreker het dit duidelik

✱ Vervolg op bladsy 3

Uit die Woord

Nagmaal en Geloofsekerheid

JOH. 6 : 55: „Want My vlees is waarlik spys, en My bloed is waarlik drank". Ons is onseker van só baie dinge. Sal ons vanjaar slaag? Sal Suid-Afrika staande kan bly teen die geweldige druk van buite? Kan devaluasie ons ekonomie red?

Soms vind ons sekerheid op ons vrae. Ewe dikwels besef ons later dat dit toe nooit ware sekerheid was nie. Die toets-uitslag is byvoorbeeld nie na my aanvanklike verwagting nie, omdat ek die vraag verkeerd gelees het.

Christus het die sakrament van die Nagmaal ingestel as middel waardeur ons tot die onfeilbaarste sekerheid kan kom wat ons ooit kan hê . . . Geloofsekerheid! Geen onsekerheid is só verlammend as geestelike twyfel nie. Dit veroorsaak geweldige angs, laat jou ontvlugting soek in een wanhoopsdaad na die ander.

Joh. 6 : 55 is die kernvers van 'n gedeelte wat oor geloofssekerheid handel. Nadat Jesus 5 000 mense met vyf brode en twee visse gevoed het, wou die Galileërs Hom met alle geweld koning maak. Hulle het gemeen dat 'n koning wat tot sulke wonders in staat is, vir 'n volk 'n voorspoedige toekoms sou verseker.

Jesus het egter geweet dat die Galileërs nie opgewonde was omdat Hy deur die teken hul geestelike nood in die oog gehad het nie, maar bloot omdat hulle deur die voedsel versadig is. Hy vermaan hulle dus om nie sekerheid te soek in middels wat die tydelike lewe instand hou nie. Want Hy bied aan hulle die enigste ware sekerheid wat hulle ooit kan hê, naamlik geloofsekerheid.

Die sondige mens is egter daaraan gewoond om iets na sintuiglike waarneming te glo. Daarom praat Jesus hier van sigbare tekens wat Hy sou gee, sodat die mens op 'n menslike wyse tot geloofsekerheid kan kom.

„Hy wat My vlees eet en My bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag" — vers 54.

U sal onthou hoe Jesus hierdie tekens met die instelling van die Nagmaal tasbaar toegepas het. Hoe Hy toe brood as teken van Sy liggaam en wyn as teken van Sy bloed gestel het. Vers 55 sê vir ons dat hierdie tekens tot geloofsekerheid kán lei: „Want My vlees is waarlik spys en My bloed is waarlik drank". Waarlik spys en drank, omdat dit voed en die dors les, net soos die voedsel en drank wat ons elke dag gebruik om van te lewe.

As ons dan aan die Nagmaalstafel aansit, weet ons dat ons nie maar meedoen aan 'n stukkie ou geskiedenis nie. Want Christus wil ons daardeur werklik voed. Met die teken van Sy gebreekte liggaam wil Hy ons honger stil, daardie verterende honger na sekerheid en vastigheid. En met die teken van Sy vergote bloed wil Hy ons dors na koers in 'n wanordelike wêreld les.

Gevoed en gesterk deur die tekens van die Nagmaal, het ons die geloofsekerheid dat Christus se dood vir die gelowige nuwe vergesigte geópen het. Ons ankers is weereens versterk, ons vertroue verstewig. Hiernaas word alle sekerheid rakende die aardse lewe verdwerg. Want wat baat rykdom, geleerdheid, roem as sportman, aantreklike voorkoms wanneer die aardse lewe ten einde kom?

„Want My vlees is waarlik spys en My bloed is waarlik drank". Deur hierdie tekens wat deur Christus ingestel is, lei die Heilige Gees ons tot die geloofsekerheid dat Jesus Christus vir ons 'n salige lewe berei het wat tot in ewigheid sal voortduur.

E leeu antwoord

GEAGTE REDAKTEUR, — Na aanleiding van ons geagte vriend, mnr. Botha Maree se uiters „opbouende" kritiek oor Over-de-Voor, wil ek hom net graag as volg antwoord.

In die eerste plek mnr. Maree, glo ek nie dit is enigsinds nodig vir Over-de-Voor om hul. le strategie op verskonings te grond nie, want hulle het nie rede daarvoor, aangesien Over-de-Voor net nie daarin glo om te verloor nie.

Om hierdie feit vir u nog 'n bietjie beter te omlyn, dink ek was die pas afgelope karnaval vir u en ons almal weereens 'n duidelike bewys darvan.

As ek u miskien 'n bietjie konstruktiewe raad kan gee. — Hoe gouer u en u mede kritici van Over-de-Voor liewer eers bietjie voor u eie deur wil vee voordat julle weer voortgaan met julle smeerveldtog teen ons, des te gouer kan julle dalk ook resultate begin lewer, want julle het immers die GETALLE daarvoor!

Om terug te keer tot u brief mnr. Maree. As u bietjie terug gaan op die feite sal u sien dat in tye wat ons berig geskryf is, die intervarsity teen R.A.U. pas afgespeel het.

Om presies te wees kan ek aan u noem dat in die drie PUK spanne wat op die veld gedraf het, eif van die vyf-en-veertig spelers uit Over-de-Voor afkomstig was. As ons verder in ag neem dat Over-de-Voor een van die kleinste koshuisklubs op die PUK is, dink ek ons het werklik rede gehad om trots te wees om 'n kwart van die PUK spelers dié middag te kon lewer.

Marius Becker,
OVER-DE-VOOR.

Briewe: ons dink, ons skryf...

Vordering vir Suid-Afrika?

DIE Eerste Minister, mnr. B. J. Vorster, se onlangse besoek aan Israel roep 'n ander soortgelyke besoek in herinnering: dié aan Suid-Amerika in Augustus verlede jaar. 'n Mens onthou nie net die blydskap en verwondering nie, maar ook en veral die (soms) heftige kritiek op die Republiek se „armlastige vriende".

Teen hierdie agtergrond vra 'n mens jou onwillekeurig die vraag af of daar sedertdien enige noemenswaardige ontwikkelinge plaasgevind het. Toon Suid-Afrika se betrekkinge in die algemeen en met Suid-Amerika in die besonder met ander woorde vordering of het daar verstarring ingetree?

Hierdie vraag is geregverdig, want onthou ons nie die „onverwagse" klap wat Brasilië Suid-Afrika gegee het deur die Kaap-na-Rio-wedvaart te verbied omdat die beginpunt Suid-Afrika is? Hoewel Pres. Geisel baie gou bolmakiesie geslaan en die wedvaart weer dadelik toegelaat het, bly die feit dat dit 'n terugslag vir Suid-Afrika se betrekking met dié werelddeel is.

'n Onverwagse klap was dit egter nie. Brasilië voel al lank besonder sensitief oor swart Afrika, veral omdat sy tradisionele verbondenheid aan Portugal daartoe gelei het dat Afrika-state hom as 'n ondersteuner van die Portugese koloniale beleid, en dus as ondersteuner van die sogenaamde Suid-Afrikaanse kolonialisme beskou het.

Omdat hy as die opkomende reus van Suid-Amerika sy handel met swart Afrika wil uitbrei en as betreklik onderontwikkelde staat hom in die VVO met die lande van die Derde Wêreld wil identifiseer, is hy baie bekommerd oor sy beeld in Afrika.

Daarom wou hy nie net sy hawens vir die Rio-wedvaart sluit nie, maar het hy hom ook baie ver van sy eertydse Portugese vriende gedistansieer.

Brasilië se rond-en-bont-springery om almal tevrede te probeer stel, moet dus hoofsaaklik aan politieke onstabiliteit toegeskryf word en is dus geen ware maatstaf vir die geslaagdheid al dan nie van die Eerste Minister se besoek nie.

Op diplomatieke gebied is die bande met Chili verstewig deurdat Chili in Januarie besluit het om 'n konsulaat in Pretoria te open. Hoewel Suid-Afrika op 'n nie-residensiële basis in Chili verteenwoordig is, het Chili as gevolg van sy stryd teen die kommunistiese regering van president Allende vir 22 jaar lank geen aktiewe kontak met Suid-Afrika gehad nie.

Volgens die Chileense konsul, mnr. Carlos Ashton, is die bande met Suid-Afrika versterk omdat dié twee lande 'n gemeenskaplike bedreiging moet probeer afweer, naamlik die Russiese.

Veral op ekonomiese gebied pluk Suid-Afrika die vrugte van mnr. Vorster se „ander dètente". Sedert 1972 het die handel tussen Suid-Afrika en Suid-Amerika met 88 persent toegeneem — vanaf R46 miljoen tot R131 miljoen in 1974. Hierdie stygende lyn word steeds gehandhaaf.

Hierbenewens het verskeie private Suid-Afrikaanse maatskappye belange in Suid-Amerika verkry, byvoorbeeld konstruksiekontrakte in Peru en Uruguay en beleggings in Brasilië.

Suid-Afrika se betrekkinge met hierdie vasteland het dus nie verstar nie, maar vorm 'n onontkoombare deel van die legkaart van die Republiek se buitelandse beleidsoogmerke wat tydens die Israel-besoek duideliker omlyn is.

Ten einde tred te hou met die verandering in die patroon van die internasionale politiek die afgelope twee dekades wil Suid-Afrika 'n assosiasie van middelslag-volke skep.

Volgens mnr. Vorster is daar sowat 'n dosyn lande wat saam met Suid-Afrika in so 'n groep kan inskakel. Hulle word daartoe gedwing aangesien die blokke waaraan hulle voorheen behoort het, besig is om te verkrummel.

Hulle moet gesamentlik die druk weerstaan wat aan die een kant deur die groot nywerheidslande op hulle uitgeoefen word, en aan die ander kant deur die Derde Wêreld. Een van so 'n groep state in die Suidelike Halfrond is Suid-Amerika.

Verskeie van dié state ontwikkel vinnig en wil graag wegbreek van die ekonomiese heerskappy wat Amerika tradisioneel in dié deel van die wêreld uitoefen.

Juf. Ackerman (verbonde aan die Sentrum vir Internasionale Politiek).

ESPERANTO

✱ Vervolg van bladsy 3

komitee wat verkies is, bestaan uit:

Mnr. Etulo Krüger (voorsitter); mnr. Gert Erasmus (sekretaris-penningmeester); mnr. Herman van Wijk (skakeling: B.A., Teologie, Onderwys); mnr. Chris Duvenage (skakeling: Regte); mej. Isabel Hoogenboezem (Skakeling: BSc en B-Comm); mnr. Fika van Rensburg (Adviserende lid van doserende personeel).

KURSUS:

Die nuutgestigte vereniging bied van die eerste Donderdag na die langnaweek 'n beginnerskursus in Esperanto aan, wat ongeveer een uur elke Donderdagaand in beslag sal neem. Getroue bywoners van die kursus behoort teen September al redelik goed Esperanto te kan praat. Die kursus word in samewerking met mnr. Von Blottnitz aangebied en geen kursusfooi word gehef nie, buiten die kursusmateriaal (boeke), wat minder as R5,00 sal kos. Belangstelendes kan met enige lid van die voorlopige komitee (hierbo genoem) skakel.

Dr. L. L. Zamenhof

Pen, kwas & kamera

Antjie se fleuterhartjie

SJORDÉ, die etensuuraanbiedinge van die Departement Spraakleer en Drama, is besig om 'n reuse sukses te word en die bestaan van dié nuutjie op die kampus op 'n skitterende wyse te regverdig.

Daarvan kan elke teaterganger wat die afgelope twee weke vol meelewing, sy vars toebroodjie halfgeëet en vergete in die hand, na 'n vertolkingsprogram van Antjie Krogpoësie geluister het, getuig.

Dié program, getiteld My Flenterhartjie Vol Verdriet, is van 24 — 26 Mei in die Kleinteater onder leiding van Salome Combrink aangebied. Die belangstelling daarvoor was so groot dat dit toe vir die duur van die afgelope week verleng is.

Die meeste van die gedigte wat in die program ingesluit is, is deur Antjie Krog geskryf toe sy net so oud was soos die studente wat nou na die program gestroom het. Die dinge waaroor sy skryf lê binne die verwysingsraamwerk van elke student en elkeen se flenterhartjie kon hom laat meelewe het in die wat so gevoelvol aangebied is.

Ons het al voorheen met regisseuse Salome Combrink se vertolkingsprogramme kennis gemaak, en My Flenterhartjie Vol Verdriet het weer eens haar talent en tegniek bewys.

Die program is goed saamgestel uit al vier Krog se bundels en is gekenmerk deur eenvoud en gevoel. Tog was daar genoeg afwisseling met behulp van die keuse van gedigte en die wyse van aanbieding sodat die gehoor se aandag deurentyds behou is.

Die hele aanbieding was baie stemmingsvol en mev. Combrink het baie aandag bestee aan die gesigsuitdrukkings en artikulasie van die vertolkers wat baie bygedra het tot die geloofwaardigheid van die program.

Onder die hoogtepunte tel beslis die gedigte wat vir meer as een stem geskryf is, en dan veral Selma Paasch waarmee die vertolkers én die program 'n grande finale bereik het. Met Isobet Kok as Selma Paasch en die subtiele uitbuiting van klank en emosie is daar met die nommer op 'n skitterende wyse reg laat geskied aan Antjie Krog se poësie.

Brenda Potgieter van Choreofaam moet alle eer kry vir haar choreografie van Die Albatros van Gough-eiland. Dit is met groot verbeelding gedoen en die visuele poësie het eerder die poësie van die woord beklemtoon as wat dit die aandag daarvan sou weglei.

Dit was 'n oulike idee om vir Johan van Rensburg te kry om die toonsetting van Lemoenliedjie te doen, maar minder geslaagd om die program daarmee te open. Dit sou 'n stewiger grondslag vir die vertolking gelê het indien daar dadelik met die deur in die huis geval is en Lemoenliedjie voorgedra is. Daarna sou die oorspronklikheid van die toonsetting ook meer tot sy reg gekom het.

Daar was klein dingetjies wat gehinder het, soos byvoorbeeld die aanduidings wat hoorbaar gegee is vir die musiek om op te kom, en iemand wat hier en daar vasgehaak of te gou ingeval het, of die pilaar reg voor die „verhoog" wat mens jou nek so moes laat rek het indien jy al die spelers wou sien, maar in weerwil daarvan was My Flenterhartjie Vol Verdriet 'n geslaagde en genotvolle aanbieding. — E.R.

KAMERA



Mymering. (Foto: T. Wever.)

Is geweld kuns?

„KOM'S gaan fliek!"
„Wat wys?"
„Rollerball. Jy weet mos, daardie wrede rolprent waaroor almal praat."

En so word daar met vreugde en verwagting opgetrek na die rolprent toe waar wreedheid en bloeddorstigheid aan ons as ontspanning opgedis word.

Wat is die binne-in ons, wat tog andersins sulke sagte en vredeliewende mense is en nie eens die spreekwoordelike vlieg sal skade aandoen nie, wat so na geweld hunker en ons na sulke rolprente laat gaan kyk?

Is dit 'n oer-element soos sommige mense beweer of dien dit as kompensasie vir ons saai en eetonige lewe waarin daar nooit iets avontuurliks gebeur nie, of is dit dalk 'n terughunkering na 'n „survival of the fittest"-leefwyse?

Ons leef in 'n wêreld waarin détente 'n allerbelangrike rol speel ,maar in Rollerball het dit geen bestaansreg nie. Wat daar nie reg is nie, word reg geslaan of reg gemoker.

So kyk 'n mens byvoorbeeld in Rollerball hoe die een na die ander buite aksie gestel en vermink word en hoe daar uiteindelik slegs een man oorbly wat heroïes toegejuig word — so 'n soort van 'n skim-figuur. Hierdie „heilige spele" is dan om alles te kroon voorafgegaan deur 'n plegtige opening met klassieke musiek.

So het die rolprent Jaws, waarvan die kern ook geweld is, byna 'n soort kultus laat ontstaan. Geweld is al so ingeweef in ons huidige samelewing dat ons dit soms nie eens meer raaksien nie.

Daarom moet ons altyd krities en objektief daarteenoor staan en besluit of dit estaties funksioneel in 'n rolprent of drama is, ons gevoelens nie dalk op 'n blatante wyse deur die rolprentvervaardigers uitgebuit word nie. — Tweete.

Pen

AMPER

„DIGBY VERGENOEG"

— Elna Olivier

(met respek vir Lientjie)

miskien het ek ook met oopgesperde hande
gewag op bogrympies
miskien, nee, ek weet definitief
(want ek wóú)
het ek ook boeke bekyk: half en van ver

later geleer dat versie-maak
half 'n speletjie is
tot my hand en pen vasgesuig het
en speletjie spel gespel het.

— Elna Olivier.

P.U.-KANERS SE DOEL

'N SPLINTERNUWE vermaaklikheidsgroep, die P.U.-kaners, is sowat 'n maand gelede onder leiding van mnre. Martin Bekker en Windell, albei verbonde aan die Departement Ontwikkeling, aan die P.U. vir C.H.O. gestig.

Die rede vir die stigting is die behoefte wat daar nog altyd aan 'n goeie, maar nie-professionele vermaaklikheidsgroep, bestaan het. So 'n groep moes slegs uit studente, hoofsaaklik vir studente bestaan en moes in die studente-idioom by studente-geleenthede soos Karnaval en Intervarsity kon optree.

Die P.U.-kaners vervul in al hierdie behoeftes. Omdat die groep relatief klein is(dit bestaan uit agt mans, waarvan ses ook musiekinstrumente bespeel, en agt vroue) kan hulle redelik maklik en op kort kennisgewing op ander plekke ook gaan optree indien só 'n groep daar benodig word.

Daar bestaan 'n moontlikheid dat die orkes ook onafhanklik van die res van die groep sal kan optree, en dan by byvoorbeeld koshuisdinees sal kan speel.

Die P.U.-kaners het reeds in Oktober hul eerste optrede op Vereeniging, by welke geleentheid daar ook 'n televisie-opname daarvan gemaak sal word. Hulle is daarom al besig om volstroom te oefen, en sal dalk voor D-dag in Oktober plaaslik optree.

Wynand Smit van Alabamafaam is verantwoordelik vir die sang en het ook die liedjies gekies. Die eerste deel van die program het 'n spesifieke tema, getiteld Ramblin' Boy. Dit sluit dan liedjies, hoofsaaklik „Folk"-musiek, in wat die swerwer op al sy swerftogte in alle lande teëkom.

Die tweede deel van die program sal hoofsaaklik op solosang toegespits wees, en in dié gedeelte is die groep ook van plan om van gaskunstenaars gebruik te maak.

Hulle beskik ook oor twee komediante wat vir heelwat komiese afwisseling tussen die nommers sal sorg. Die program sal van een tot twee-en-'n-half uur kan duur, afhangende van die geleentheid.

KONSERT

OP Saterdagaand, 5 Junie, word daar om 20h00 'n buitengewone konsert in die Konservatoriumsaal gehou. Die opbrengs van dié konsert gaan gebruik word om twee jong Potchefstroomse musikante wat later vanjaar na Amerika vertrek, finansiëel te ondersteun. Die konsert dien terselfdertyd as morele ondersteuning vir die twee seuns.

Die deelnemers aan die konsert sluit die volgene bekendes in: Rina Hugo (sopraan, begelei deur Pieter de Villiers), Human Coetzee (tjello), en die Suid-Afrikaanse Kamerorkes onder leiding van Betty Pack, met Alan Solomon as solis.

Dit is belangrik dat seisoenhouers daarop sal let dat dit nié 'n gewone Meesters- of Collegiumkonsert is nie. Plekke kan by die konserwatorium bespreek word, en die toegang is R2 per volwassene en R1 vir studente.

AKADEMIESE RAAD
BIED AAN:
KURSUS IN VERGADERING PROSEDURE
16 en 17 Junie
FRANS DU TOIT
19h30.
GRATIS

Oor 'n beker koffie

Wag-'n-bietjie

SOMMER 'n gewone ou week het oopgebreek en vir ons vyf dae vrygelaat! Wag-'n-Bietjie se voorportaal wemel van afwagting. Koshuislewe het weereens 'n hoogtepunt bereik. Almal is reisvaardig.

Die eerstejaar op voordeurdiens sweet letterlik en menige welkome roep van 'n langverwagte minnaar weerklink deur Waggies se byna-verlate gange. 'n Klein maeretjie sukkel by die voordeur uit met 'n tas vir 'n leeftyd soos 'n oorhangende saadpeul aan haar stingelarmpie. Die gesiggie blom met 'n langnaweekglimlag duisend.

Drie leëkoekblikke vol verwagting kletter onder 'n arm vol pakkies. 'n Grinnikende grensheld stap die koshuis met lang treë binne. Sy uniform lyk soos die melkweg op 'n wolklose dag en die eerstejaartjie staan effens meer gereed as gewoonlik.

Met afwisselende giggels en gille is ongeveer twaalf dames besig om 'n klein Mini te laai. Die eerste proes en 'n doodruk of twee en daar trek hy om die draai met 'n vaarwel-rokie en 'n skommelende jillende vrag.

Almal vertrek so vinnig. Dis of hulle besig is om kosbare sekondes van hul laaste lewensdag in te boet met lawwe dinge soos inpak en groet.

Vreugde en afwagting, inhibisieloos gelug, vul die lug. Selfs die enkeles wat gaan agterbly het hulle eie idees vir vyf los dae.

Karnaval is net om die draai (die een agter die bult) en die Junie-vakansie om die volgende een.

Ons leef in 'n wêreld van hoogtepunte, met nóú grensdrade omlyn. Werklikheid kan nêrens in ons vreugdeskampie deurklimplek kry nie . . . maar, nou-ja, verskoon my, die langnaweek is hier!

Groetnis van Wag-'n-Bietjie (tot ná die naweek).

Oosterhof

KARNAVAL . . . agter die rug? Nooit! Dit was die ontdekker van vele talente. Die Tweedejaars met hul „asem" rowende vlot het sekerlik nou genoeg ammunisie (asem?) om die Derdejaars se Rollerballpoging na die maan te lanseer, want die spiere is ook goed genoeg geoefen tydens die legendariese driewielwedren. Hoe lyk dit, sal Helena nie 'n fiksie bemanningslid wees nie — met al haar oefening tussen die SSR kantoor en die koshuis sal ou Kroggies maar in sy spore moet trap. Annali Cabano kan die „asem" en Rollerball se skakeling behartig, sy is na dese nie verniet goed geolie in dié kuns nie. Elsa (vlotkonvenor) is aan te beveel vir die tegniese aspek — ons beloof dit sal nie weer deurnagdiens wees nie.

Almal moet deesdae rekening hou met Oosterhof se algemene kennis want koerante is nie meer 'n weelde artikel nie, die skooljuffers sorg op hul beurt weer dat ons akademie oppie bôl bly! Dít skuif egter nog nie die romantiese aspek opsy nie. Ons koerantwaarde het weereens opgeskuif want Alita loop knaend met haar linkerhand in die lug. Baie geluk! Elzje hoe lyk dit, broei dit of broei dit nie? Marieta Ernst ons kon jou lankal vertel het . . . afstand is nie 'n faktor nie. Eerstejaars, neem 'n voorbeeld van Christa: aanhou en uithou . . .

Emmerentia baie welkom terug, ons het geweet Karnavalgees ruk enige mens uit die bed. A.g.v. die griep epidemie in O'hof lek al wat apteker op die Bult sy lippe af, want dis mos so goed as Kersinkope in Desember. Waarskuwing! As jy met 'n gevoel van optimisme in die sitkamer instap, moenie so seker wees van die sleep aan jou sy nie — dis defnitief die nuutgeverfde mure.

Oosternooiens, byt maar vas, die maand se koffie voorraad is byna gedaan, volgende keer geniet ons die Wapad met iets drinkbaars!

Oostergroete.

Vergeet-my-nie

'N GROOT akademiese reus het hom die langnaweek in Vergeet-My-Nie kom tuismaak, Vlotbouery. Ek moet meld dat enige dames van Wanda wat enigsins skepties gestaan het teenoor Over-de-Voor se manne, dit defnitief nie meer is nie. Dit was 'n groot genot om saam met die bakste manskoshuis op die kampus vlot te bou. Baie dankie aan al die Overs-manne wat Karnaval '76 vir ons onvergeetlik gemaak het en 'n groot GROOT geluk met julle oorwinning.

Ook aan Vergeet-my-nie wil Wandaliete sê: dis bak gedoen Geluk!

Aan die Karnavalkomitee — dit was die wonderlikste, geslaagste, interessantste, opwindendste Karnaval ooit!

Wanda.



WANDA

WAT sê Wanda?

Nou ja, dis verby — sommer net so in 'n oogwink! Evaluering: Mense, elke oomblik daarvan was een groot fees! Eintlik het dit al twee weke gelede begin met die dolste reklamesette: foto's in die koerante; praatjies oor die radio; skakings; staking; sommer alles en nog wat.

Die „Kaap-na-Rio" wedvaart op die dam was een wonderbaarlike nat ondervinding ('n koue een ook — met die uitklimslag). Wanda se „Banana GT" en inflasie-vlot het ons die tweede plek besorg. Sonder twyfel was die vlotte hierdie jaar van die hoogste gehalte ooit — ons veronderstel dit is as gevolg van die teenwoordigheid van die televisiekameras!

'n Ander hoogtepunt was die Dames-driewielwedren. So 'n reuse sukses kan gerus 'n jaarlikse instelling word! Wanda se geel „suicide"-tjor het menigmaal 'n ongeluk net-net vermy; maar die ses trappers het net soos die toeskouers elke oomblik daarvan geniet.

Wat die Damessokker uitklopkompetisie betref, wil ons net graag meld dat indien die Puk-spanne enige goeie spelers kort, kontak ons spanbestuurder by Wanda. Dankie. Mooi so Over, julle het die top-rugbyspan op die Puk!

Tussen al dié joligheid deur het ons 'n ander jolyt gehou. en saam met hom het 'n stilte en ywer gekom. Selfs Adrinna, Hanta en Elbie wat voorheen net kon pret en plesier maak, het besluit om die boeke nader te trek!

Sommige van ons proefies is ook aangesteek. Elna het byvoorbeeld sover gegaan om 'n swotrooster op te stel! Ag, en nou praat ons natuurlik nie eers van dié wat die fotostatiese masjiene laat herlewe nie!

Vir sommige het die liefde egter die sterkste gebly. Susan glimlag die ganse week al (sy was mos weer 'n bietjie in Hoopstad!) Bossie lewe weer so van naweek tot naweek, want sy boer mos deesdae!

CAPUT

HOMBRÉ

HEIMAT

UITSPAN

LIBERALIA

KLOOSTER

AANGESIEN dit ons eerste berig is wat in die Wapad van hierdie semester verskyn, wil ons net al die Pukke hartlik welkom heet en sterkte toewens vir die akademie wat nou voorlê.

Gedurende die vakansie het dinge gebeur hier in die Kloostergeledere. Wouter Burger is verkies vir die Springbokringtennisspan wat gedurende die vakansie teen Wes-Duitsland meegeding het —hartlike gelukwense Woutie! Ongelukkig is daar by die mooi en gelukkige ook die ongelukkige. Een van die inwoners, Johan Potgieter, of Pottie, het die vakansie die lewe gelaat in 'n motorongeluk. Die herinneringe wat ons van hom oorhou, is mooi.

Die belangrikste enkele gebeure van die semester is seker die Karnaval. Saam met Vergeet-my-nie het ons die stryd aangedurf — vir meer as 'n week lank is daar gebou aan die vlotte. Baie geluk aan almal wat met die vlotte gemoeid was — ons vierde plek het ons baie verseker dubbel en dwars verdien. In die Kaapna-Rio het die tweedejaars hulle slag getoon deur saam met Caput eerste te eindig — baie geluk ook aan julle. Die soetste oorwinning was seker die trapkarwedren. Roeloef Burger en sy manne oefen nie verniet so hard nie en hulle verdien dus die hoogste louere waarmee hulle weggestap het. In die sewe-man rugby het ons manne hulle bes probeer, maar Caput was darem net te sterk vir ons gewees.

Met begeestering het die manne hierdie jaar die reklame vir die Karnaval aangepak. Klooster het nie minder nie as elf koerantberigte gehaal nie en nie minder as tien keer oor die radio gekom nie. Dink julle ook nie dat die Karnavalkompetisie se uitslag vir ons 'n anti-klimaks was nie? Baie geluk aan Vergeet-my-nie wat in die damesafdeling geseëvier het ,asook aan Klawerhof en Kulu wat onderskeidelik tweede en derde was. Caput het hul derde plek in die mansafdeling verdien — geluk.

Ons eerste rugbyspan se volgende wedstryd is teen Dorp en Over-de-Voor. Alle sterkte, ons weet julle kan dit doen! Geluk aan Hombré wat daarin geslaag het om ons die loef af te steek.

MAKOUVLEI

PIETER LOUW

AL DIE MANNE van die Vlei is darem terug ná die langna . . , ag, ek bedoel die kort vakansie. Dis nog net oom Gerrie wat van sy grensdiens daar in die verre Suidwes moet terugkeer, en dan is ons voltallig.

Makouvleiers is ná die kort ruspouse baie meer op akademie ingestel, want die halfjaartoetse is op ons. Selfs Dak vat sy klasdraf meer ernstig op. Karnaval het nou wel vir 'n onderbreking gesorg, maar dit is reeds geskiedenis (en wat 'n teleurstellende geskiedenis te oordeel aan die gemor oor die etes wat daar nie was en die manier waarop punte sonder enige kontrole vir reklame-sette toegeken is.) Ons het nietemin lekker saam met Kulu vlot gebou.

Op sosiale gebied is Makouvlei om gemelde redes nie juis aktief nie. Ons het darem voor die vakansie twee aksies met Vergeet-My-Nie gehad. Die een was toe hul'e pragtige jong Makoutjies aan ons kom skenk het, waarna die manne van die Vlei die meisies vir 'n interskaats na Orkney geneem het as 'n gebaar van dankbaarheid. Dankie Vergeet-My-Nie vir hierdie mooi gebaar en ons kan julle verseker dat die Makoue volgens ooreenkoms behandel word en gewis 'n koninklike lewe lei!

Op sportgebied gaan dit sommer voor die wind met Makouvlei. Ons eerste rugbyspan het reeds met die woelige span van Hombré klaargespeel en drie opwindende vleueldrieë teenoor hul teenstanders se een drie gedruk. Dawie Dup het wel teen Over-de-Voor 13—9 verloor nadat elke span een drie gedruk het, maar was ongelukkig dat nog 'n drie of wat nie toegeken is nie. In elk geval, ons sê geluk aan Over-de-Voor, want dis nie aldag dat hulle Dawie Dup onder kan kry nie.

Dawie Dup se tweede span is ook mooi op dreef en het al 'n paar goeie oorwinnings op hul kerfstok. So het hulle Hombré se tweedes hul eerste neerlaag in twee jaar toegedien deur met 13—9 te seëvier.

Makouvlei wil ten slotte vir Johan Marais gelukwens met sy terugkeer tot atletiek en landloop. Vir twee jaar kon hy om gesondheidsredes nie deelneem nie, maar hy het sy probleme te bowe gekom en wys vir al meer atlete sy hakskene.

THABA-JÄH

Over-de-Voor

KLAWERHOF

KULU

Soetdorings

KASTEEL

KARLIEN

HEIDE

ALGEMENE BERIG VIR KOSHUISE

LUIDENS berigte ontvang is hierdie koshuis studenteloos. Uit betroubare bronne word verneem dat hierdie gebou omskep sal word in 'n stoorkamer.

Alle berigte wat nie ontvang word nie, sal nie oorweeg word vir plasing nie.

Hoe dan nou?

WELKOM . . . !

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

„die Potchefstroomse boekhandel"

Tomstraat 86 — Tel. 8875 — Potchefstroom

—WP

SPORTFOKUS



NETBAL

22 MEI — PROEWE

1 Junie:
P.U.K. A1 @ P.O.K. A — P.O.K.
P.U.K. B @ P.O.K. B — P.O.K.
P.U.K. C @ P.O.K. C — P.O.K.
5 Junie:
PU.K. A2 @ Potch A — 14h00, P.U.K.
P.U.K. A1 @ Stilfontein A — 14h00, P.U.K.
P.U.K. C @ Coligny C — 14h00, P.U.K.
P.U.K. C @ P.O.K. C2 — 14h00, P.U.K.
12 Junie:
P.U.K. A2 @ Stilfontein A — 14h00, P.U.K.
14—18 Junie:
P.U.K. A1 @ Potch Dorp A — P.U.K.
P.U.K. B @ Potch Dorp B — P.U.K.
P.U.K. C @ P.O.K. C2 — P.U.K.
19 Junie:
P.U.K. A1 @ P.O.K. A — 14h00, P.U.K.
P.U.K. B @ P.O.K. B — 14h00, P.U.K.
P.U.K. C @ P.O.K. C — 14h00, P.U.K.
24 Julie:
P.U.K. B @ Stilfontein B — 14h00, P.U.K.
P.U.K. C @ Stilfontein C — 14h00, P.U.K.
26—30 Julie:
P.U.K. A1 @ P.U.K. A2 — P.U.K.
P.U.K. B @ Klerksdorp Hospitaal B — Klerksdorp.
P.U.K. C @ Klerksdorp Hospitaal C — Klerksdorp.
31 Julie:
P.U.K. C @ Coligny C — 14h00, P.U.K.
2—6 Augustus:
P.U.K. A2 @ P.O.K. A — P.U.K.
P.U.K. B @ Fochville B — P.U.K.
P.U.K. C @ Fochville C — P.U.K.
7 Augustus:
P.U.K. B @ Klerksdorp B — 14h00, Klerksdorp.
P.U.K. C @ Klerksdorp C — 14h00, Klerksdorp.

MUURBAL

TYDENS die Wes-Transvaalse kampioenskappe in Muurbal het Johan de Bruin die tweede PUK in die geskiedenis geword om die kampioen te wees. Mike van Zyl het verlede jaar gewen. Beide Mike en Johan is B.Comm.-studente.

Helene Schlebusch het maklik gewen. Sy is uitgenooi na die Kampioen van Kampioene Toernooi. Slegs die sestien bestes in die land word hierheen uitgenooi en dit is dus 'n groot eer en prestasie.

Dwarsstraat

DIE boere hierlangs trap nou weer vas met 'n komende toetsweek op hande. Dit beteken nou nie dat aktuele sake soos byvoorbeeld sleep en televisie enigsins afgeskeep word nie. Met 'n oud-dirigent, 'n oud-studenteraadslid, 'n alabamasangeres, 'n redakteur asook 'n nuusredakteur kan dit ook nou nie juis anders nie.

SOOS VAN BAIE SLAAP

— JOHAN MYBURG.

van baie slaap
het my hande stom geword
en sal hulle nooit meer
met 'n ligte aanraking jou herken nie:
my vingers het askete geword —
klein geklooster agter die hoë mure
van jou swye . . .

— Johan Myburg

NETBAL

OP 20 Mei het die PUK se eerste netbalspan seker gemaak van die feit dat hulle diepe kwaliteite dra met hul naelskraapse nederlaag teen Dorp met sy Springbok by name Tobiana Louw met 'n telling van 20-19. Hulle speel Saterdag teen Stilfontein A. Gedurende die week speel hulle teen POK. PUK 2 speel teen Potch. Dorp A.

Gevind en verloor!

Daar was eendag 'n meisie.
Sy het gesoek en gevind,
net om gou weer alleen te sit
en verlang
na die man wat haar oorweldig het.

Hennie van Rensburg.

DIE WAPAD SAL DIEGENE WAT BERIGTE INLEWER, TEGEMOETKOM

SPORTKALENDER

RUGBY

Saterdag 22 Mei:
Puk I @ Klerksdorp — Olënpark, 4.00 nm., Neserbeker.
Ibbies @ — Olënpark, 2.35 nm., Neserbeker.
Woensdag 2 Junie:
Puk I @ Ibbies — Olënpark, Presidentliga.

KOSHUISRUGBY A-LIGA

22 Mei:
Klooster @ Dorp — F. du Toit (A), 10.45 vm.
2 Junie:
Dorp @ Drakenstein — P. Bosmanpark, 6.00 nm.
Caput @ Hombré — Olënpark, 7.00 nm.
5 Junie:
Over-de-Voor @ Drakenstein — A-veld, 10.45 vm.
Dawie-dup @ Dorp — B-veld, 10.45 vm.

Vir die week geëindig 8 Mei 1976:

Koshuis	A	W	V	G	Vir	Tn	Pte
A-LIGA:							
Over-de-Voor	2	1	—	1	19	15	3
Hombré	2	1	1	—	21	17	2
Dawie Dup	2	1	1	—	23	23	2
Klooster	2	1	1	—	16	21	2
Caput	2	1	1	—	16	17	2
Dorp	1	—	—	1	6	6	1
Drakenstein	1	—	1	—	4	6	0
B-LIGA:							
Dorp	4	4	—	—	82	34	8
Caput	5	4	1	—	62	36	8
Hombré	4	3	1	—	42	21	6
Dawie Dup	5	2	3	—	49	64	4
Over-de-Voor	5	2	3	—	53	57	4
Klooster	5	2	3	—	43	60	4
Tokkelokke	4	1	3	—	50	62	2
Drakenstein	4	—	4	—	20	66	0
C-LIGA:							
Dorp A	4	4	—	—	0	0	8
Caput	3	3	—	—	60	25	6
Dorp B	4	3	1	—	56	18	6
Over-de-Voor	4	2	2	—	41	27	4
Hombré	4	2	2	—	96	35	4
Klooster	4	1	3	—	34	73	2
Dawie Dup	3	—	3	—	9	108	0
Drakenstein	4	—	4	—	12	99	0

VRIENDELIKE WENK

Almal is geregtig
om berigte voor
te lê vir plasing

Drama-eerstejaars

KOM Ry Saam wat van 24-26 Mei deur die Toneelkunde I-studente van die Departement Spraakleer en Drama aangebied is, was voorwaar 'n dinamiese beweging van die betrokke studente die dramawêreld binne. Die treffende veelsydige program sowel as hul toneelspel was uit die boonste rakke.

Die eerste reeks items is deur die studente self verwerk. Hul byderwetse bluojannas, streepkouse en streephemde het aangepas en bygedra tot die informele atmosfeer geskep deur die moderne musiek en bypassende choreografie.

'n Paar van die spelers was hier nog nie heeltemal op hul gemak nie, maar met Halte 49, die laaste stuk, was daar geen teken daarvan meer te bespeur nie.

In Die Gelukkige Reis deur Thornton Wilder het veral Leenster Pasch uitgeblink met haar oortuigende vertolking van Ma Kirsten. Die mens in die sloergang van sy daaglikse bestaan is pragtig in The Bus Conductor en Halte 49 uitgebeeld.

Halte 49, oorspronklik as hoorspel geskryf deur Henriette Grové, het tog as verhoogdrama pragtig gestalte gekry in die spelers se vertolking daarvan. Dit het die aand dan ook op 'n hoogtepunt laat eindig, en die harde werk van die Eerstejaars met sukses bekroon. — M. Ueckermann.

Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Olënlaan 11, Potchefstroom.

PU-LANDLOOP

DIE PUK se landloopspan het Saterdag weer koning gekraai. Hulle het die jaarlikse Kokkie Nel pad-aflos tussen Parys en Potchefstroom op oortuigende wyse gewen. Daar was veertig spanne wat vir die wedloop ingeskryf het, die PUK se mans het nogtans daarin geslaag om ongeveer 2 minute voor die tweede span klaar te maak en die Kokkie Nel-trofee gewen. Die PUK se dames het ook die dames-afdeling gewen.

Die dames-span was: A. Stander, P. Muller, B. Botha, M. Barnard, L. van Biljon en Gürling.

Die mansspan was: G. Doorewaard, K. de Beer, N. Meintjies, B. Pienaar, S. Riechert en J. van Ellewee.

Daar is ook dertien Puklandlopers gekies vir die Wes-Transvaalse span wat op 'n Interprovinsiale byeenkoms op die 5de Junie tussen 8 provinsies sal deelneem. Hulle is:
Dames: B. Botha, L. van Biljon, M. Barnard, P. Muller en A. Stander.
Junior mans: N. Meintjies, B. Pienaar en N. Roux.
Senior Mans: K. de Beer, S. Riekert, A. de Beer, J. Marais en J. van Ellewee.

Ons man op die kampus het 'n spesiale aanbod vir jou.

„Ek nooi u uit om in verband met die Studieleningsplan met my te kom gesels".

ANDRÉ JOUBERT

Barclays Nasionaal se spesiale studie-leningplan vir studente en gegradueerdes.

1. **Studielenings:** Tot R3 000 +: om jou te help om jou studies te voltooi.
2. **M.B.A.-studielenings:** Tot R3 500 vir enige student wat vir 'n MBA-kursus aanvaar is.
3. **Studente:** Tot R500 tydelike finansiering vir onverwagte uitgawe.
4. **Gegradueerdes** R1 500: bystand aan gegradueerdes totdat hulle diens kan aanvaar.
5. **Persoonlike Lenings (Studente):** Tot R3 000: vir studente vir tandheelkunde en ander profesionele beroepe om toerusting te kan finansier.
6. **Persoonlike Lenings (Gegradueerdes):** Tot R6 000: om pasgekwalifiseerde prokureurs, advokate ens. met 'n eie praktyk te help.
7. **Spaar- en lopende rekeninge.**

DIE BULT **TEL. 6171**

—WP.